
LANDBOUWEEKBLAD
28 Feb 2014, p.32



BOEDELBEPLANNING

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Besluit só oor regsentiteit vir boerdery

Watter regsvorm moet jy in jou boerdery bedryf? Is 'n trust die beste opsie en moet jy dit in jou eie naam doen? Hier is aspekte wat jy kan oorweeg voor jy besluit.

Die aangewese entiteit om 'n saak in te bedryf – ook 'n boerdery – is myns insiens nie 'n trust nie. Die sogenaamde "saketrust" is grootliks 'n mite. In werklikheid is dit weinig anders as 'n vennootskapsooreenkoms met al die nadele van 'n vennootskap en weinig voordele van 'n trust.

Jy kan vir jouself belastingprobleme op die hals haal met so 'n trust, soos met kapitaalwinsbelasting (KWB). Gewoonlik word die boer of sake-eienaar as 'n diskresionêre begunstigde in die trust aangestel omdat hy dikwels juis inkomstebelastingspeletjies wil speel.

Die probleem ontstaan as die boer sy belang in die trust verkoop. Die basiskoste op die bates is dan nul, al het hy self vir die bate betaal. Dit beteken KWB is betaalbaar op die volle verkoopprys en nie net die "wins" nie.

Inkomstebelasting lewer sy eie probleme op. Die verdeling van inkomste tussen verskeie begunstigdes – die belastingplig word verdeel in die hoop om gemiddeld teen 'n laer koers belas te word – is seker dié groot verkoopspunt van trusts. Eerstens is daar die teenvermydingsmaatreëls in art. 7 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) wat in sekere omstandighede sulke inkomste nie in die hande van die begunstigde nie, maar in die hande van 'n ander persoon – die trustoprigter of skenker – kan belas.

En dan praat ek nie eens van blatante oneerlikheid nie, soos pa, ma, boetie én sussie wat almal begunstigdes is onder wie inkomste verdeel word, terwyl alles in werklikheid maar in pa se sak beland. Dit is nie net belastingbedrog nie, dit skep ook potensiële probleme vorentoe as een van daardie ander begunstigdes op 'n dag besluit hulle wil nou hul geld hê. Probeer egskeiding, byvoorbeeld.

> Daar is geen rede waarom jy nie in jou eie naam kan boer nie.

Wat inkomstebelasting betref, kan 'n boer homself in elk geval in die voet skiet as hy in 'n trust boer. Boere wat hul inkomste uit bona fide-boerdery verkry, word baie gunstig daarop belas. Die gunstiger belastingvoordele geld egter nie inkomste aan 'n trustbegunstigde nie.

## EENPERSOONSAAK

Kom ons kyk nou na die eenpersoonsaak. Daar is geen rede waarom jy nie in jou eie naam kan boer nie. Soos ek verwys het, is daar belastingvoordele, inkomstebelasting én KWB. Vóór iemand my nou weer 'n slimstorie wil verkoop van maatskappye en BK's wat teen 28% belas word en 'n individu tot 40% marginaal, onthou: Dit is die entiteit wat minder belasting betaal, nie die individu nie. Op die geld wat jy uitneem, word jy persoonlik belas.

Boer gerus in jou eie naam. Hou die plaas in 'n trust en huur dit by die trust. Só skep jy kapitaal in die trust. Sodoende is dit ook vrygestel van die risiko van die boerdery, mits daar natuurlik nie wedersydse leningsrekeningverpligtinge is nie.

Jy kan ook in 'n maatskappy boer as jy jou risiko ten opsigte van skuldverpligtinge wil beperk. Ek sal dan steeds die plaas in die trust hou om dit teen sakerisiko's te beskerm.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Hierdie raad is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- 'n Saketrust bied min voordele en kan belastingprobleme skep.
- Boer eerder in jou eie naam. Hou die plaas in 'n trust en huur dit by die trust.
- Om risiko ten opsigte van skuldverpligtinge te beperk, oorweeg 'n maatskappy.